hoofstuk een en twintig

# Opstanding in die Evangelie volgens Johannes

*Dirk van der Merwe*

### *1. Inleiding*

Verskillende sienings het deur die eeue heen die lig gesien oor hoe die opstanding van Jesus geïnterpreteer en verstaan moet word. Dit het gewissel van 'n letterlike verstaan van die opstandingsgebeure in die Evangelies tot 'n geestelike verstaan daarvan; van 'n fisieke liggaam tot 'n geestelike liggaam, of selfs tot 'n totale ontkenning dat die opstanding van Jesus kon plaasgevind het.

In die 21ste eeu is die werklikheid van Jesus se opstanding steeds akuut en 'n saak waaroor daar steeds ernstig geredeneer word. Die Evangelie volgens Johannes is baie duidelik oor die *opstanding* – veral die opstanding van Jesus uit die dood en die opstanding van die mens "op die laaste dag" (6:39-40, 44, 54; 7:37; 11:24-25; 12:48). Die doelwit van hierdie ondersoek is nie om Jesus se opstanding of die opstanding van mense "op die laaste dag" te probeer bewys of te verdedig nie. *Die doelwit is om te bewys en uit te spel hoe deurweek die Johannesevangelie is van die kruis- en opstandingsgebeure van Jesus, en dat daar vir hierdie skrywer 'n toekomstige opstanding van alle afgestorwenes gaan wees.*

Wanneer daar in hierdie Evangelie oor die *opstanding* besin word, is dit nie net die opstandingsgebeure rondom die graf wat in aanmerking geneem en verreken moet word nie. Al kom die selfstandige naamwoord *opstanding* net vier keer in die hele Evangelie voor (5:29 [2x]; 11:24, 25) is daar ook ander terme, soos *opwek,* en ander aspekte wat hierdie gebeure aanvullend verklaar. In hierdie ondersoek gaan ons dan in die Johannesevangelie kyk na 'n netwerk van aspekte wat met opstanding te make het.



Die benadering tot die *opstanding* gaan in hierdie hoofstuk dus vanuit verskillende perspektiewe gedoen word. Daarom word die inhoud in vier dele aangebied. In die eerste deel word die onskeibare eenheid van die dood en opstanding van Jesus bespreek. Die tweede deel gaan oor 'n ondersoek vanuit die hele Evangelie na verskillende aspekte wat die dood- en opstandingsgebeure weerspieël en verduidelik. Die derde deel gaan oor die gebeure by die graf en die verskynings van Jesus. Die laaste deel ondersoek die vertrekpunt van waaruit die *kruis- en opstandingsgebeure* verstaan en geïnterpreteer moet word.

Omdat daar 'n beperking op die lengte van hierdie hoofstuk is, kan al die aspekte wat ondersoek word ongelukkig nie volledig bespreek word nie.

### *2. Die onskeibare eenheid tussen die kruis- en opstandingsgebeure van Jesus*

#### Inleiding

Die skrywer van die Johannesevangelie verstaan die dood en opstanding van Jesus nie as twee afsonderlike gebeure wat los van mekaar staan nie. Vir hom is dit een gebeurtenis wat deel van Jesus se terugkeer na die Vader toe uitmaak. Hierdie afleiding sal nou verduidelik word met die hulp van twee metafore[1] (die *tempel* en die *koringkorrel*) wat die skrywer gebruik om hieroor na te dink.

#### Die reiniging van die tempel (Joh 2:18-22)

In die Johannesevangelie is daar verskillende temas wat deur die hele Evangelie loop en wat heg met mekaar verweef is.[2] Een van hierdie temas is die opstandingsgebeure. Reeds vroeg in die Evangelie stel die skrywer die leser aan hierdie tema bekend.[3] Hy wil die aandag daarop vestig dat Jesus gaan sterf, maar daarna gaan opstaan. Die verwysing na hierdie gebeure plaas hy in die mond van Jesus self. Opvallend

is egter sy klem op die samehang van Jesus se dood en opstanding. Dit word reeds in Johannes 2 geïmpliseer wanneer die Jode (Joodse leiers) Jesus konfronteer met 'n versoek om 'n teken (wonderwerk) te doen om sy optrede in die tempel te regverdig. Jesus reageer dan met 'n uitspraak waarin die moontlikheid van so 'n teken aan hulle voorgehou word. Jesus doen dit só dat dit vir sy teenstanders (selfs vir sy dissipels, Joh 2:22) 'n onverstaanbare uitspraak word: "Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig" (2:19). Vir die Jode was dit 'n uitspraak wat teenstrydig was met gesonde verstand omdat hulle dit letterlik opgeneem het. Die skrywer van die Johannesevangelie verduidelik dan dat Jesus na die "tempel" as sy "liggaam" verwys het. Sy bedoeling is dat die leser sal verstaan dat "afbreek" en "oprig" na Jesus se "dood" en "opstanding" verwys. Hy sal "oprig/opbou" wat hulle "afgebreek" het; Hy sal uit die dood opstaan nadat hulle Hom doodgemaak het. Hierdie insig oor die samehang van hierdie twee gebeure word ook aangetref in die landboumetafoor van die koringkorrel wat moet sterf.

## Die koringkorrel wat moet sterf (Joh 12:23-25)

Volgens Johannes 12 nader Jesus se Middelaarswerk sy volvoering; die tyd van sy verheerliking het aangebreek. Jesus gebruik in 12:23-25 die metafoor van die "koringkorrel"[4] om te verduidelik dat sy verheerliking as die Seun van die mens (12:23; vgl 1:51; 3:14; 8:28; 12:32-34) in sy dood gaan plaasvind. Hierdie "verheerliking" dui nie net op die *lyding* van Jesus nie, maar laat die klem val op die *opstanding,* die oorwinning. Dit word in Johannes 12:24 toegelig. Die koringkorrel wat gesaai word, vergaan in die grond: dit "sterwe". Tog moet hierdie werkwoord nie verstaan word as dat "sterwe" ook die uitwissing van die lewensmoontlikheid inhou nie. Jesus bedoel hiermee dat dit die uiterlike vorm van die saadkorrel is wat vergaan, terwyl die kiem van die lewe behoue bly en in 'n nuwe gestalte voortspruit (1 Kor 15:42 ev).[5]

Jesus illustreer hier die beginsel van lewe deur die dood heen. Hier verwys dit na die noodsaaklikheid van Jesus se dood in verhouding tot sy verheerliking, wat ook sy opstanding insluit. Die sterk beklemtoning van Jesus se woorde: "Dít verseker Ek julle: As [tensy] ..."[6] verwys onteenseglik na die dood van Jesus, as die Christus en die Seun van God, as 'n onafwendbare toestand vir sy verheerliking.[7] In hierdie uitspraak van Jesus vind ons 'n verdere ontwikkeling van sy *dood- en opstandingsgebeure* in Johannes 2. Die skrywer gebruik hier 'n metafoor uit die landbou om die samehang tussen Jesus se dood- en opstandingsgebeure aan te dui, maar met 'n konsepsuele ontwikkeling dat Jesus se dood en opstanding implikasies het en die opstanding van gelowiges oproep.



## Slotopmerkings

Die belangrike aspek van hierdie metaforiese gebruik van beelde is om die samehang van die gebeure, "dood" en "opstanding," te verstaan en dit as 'n saamgestelde gebeurtenis te sien. Deur die gebruik van hierdie twee metafore ("tempel" en "koringkorrel") is dit duidelik dat die Johannesevangelie die *dood- en opstandingsgebeure* as 'n onlosmaaklike eenheid verstaan. Daarom sal die fokus in hierdie ondersoek op sowel "dood" as "opstanding" val. Dit is soos die twee kante van 'n muntstuk. Dit is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Dit kan van mekaar onderskei word, maar nooit geskei word nie. Saam vorm dit die "verheerliking" (die terugkeer na die Vader) van Jesus waarna dikwels in die Evangelie verwys word. Jesus se dood dui daardie punt aan waar die heerlikheid van sy koms in hierdie wêreld (1:14) 'n beperking vind en waarin die heerlikheid van sy terugkeer na die Vader begin.[8]

Noudat daar duidelikheid oor die samehang tussen hierdie twee gebeure is, sal verskeie aspekte oor Jesus se *dood- en opstandingsgebeure* ondersoek word, asook die implikasies wat dit vir ons inhou.

### *1. Verskeie aspekte van die dood- en opstandingsgebeure*

## Inleiding

Wanneer daar oor "opstanding" besin word, word "dood" as vanselfsprekend geïmpliseer. Net 'n dooie mens kan immers opgewek word. Wanneer die Johannesevangelie die probleem van fisieke dood aanspreek, is daar twee dinge wat opval: 1) Dit erken die werklikheid van die dood, dat dit nie 'n denkbeeld is nie en dat die invloed daarvan sigbaar is. 2) Al is die dood 'n werklikheid, is dit nie finaal nie: Jesus het gesterf en opgestaan. Wat met Hom gebeur het, sal ook gebeur met dié wat Hom navolg. Hierdie gebeure word in die Johannesevangelie in verband gebring met sekere teologiese aspekte om die aard van dié gebeure te verduidelik.

Dié aspekte met betrekking tot die *dood- en opstandingsgebeure* sal nou ondersoek word.

## Eksplisiete dood- en opstandingsverwysings in die Johannesevangelie

In die Evangelie volgens Johannes word daar drie keer eksplisiet na *dood- en opstandingsgebeure* verwys. In al drie gevalle word albei hierdie gebeure (dood en opstanding) nou met mekaar verbind, en die woord *opstanding* kom slegs in hierdie drie gevalle in die Johannesevangelie voor (5:29 (*bis*); 11:24, 25). Hierdie drie verwysings sal nou bespreek word in die volgorde waarin dit in die Evangelie voorkom.

### *Teenswoordige en toekomstige dood- en opstandingsgebeure (5:21-30; 6:39-44, 54; 12:48)*

Johannes 5:16-17 vertel hoe Jesus 'n siek man op die sabbatdag genees: "Die Jode het toe teen Jesus te velde getrek omdat Hy dit op 'n sabbatdag gedoen het. Maar Jesus het Hom teen hulle verweer ..." In sy gesprek met hulle verwys Jesus na die noue verband wat daar tussen Hom en die Vader met betrekking tot sy opstanding bestaan. Ons sal dit later ook sien met betrekking tot die fisieke en geestelike opstanding van die mens, wat in hierdie teks heg verweef is. Tog moet ons let op die onderskeid wat die Johannesevangelie tussen geestelike dood en fisieke dood maak.

Die twee verse wat belangrik is in *Johannes 5:21-30 is vers 25 en 28* wat deur 'n vergelyking van strukture onderskei word. In hierdie twee verse is dit die Seun wat in die huidige tyd op geestelike vlak verlossing bewerk (v 25). Hy sal in die toekoms 'n soortgelyke taak op fisieke vlak bewerk (v 28). Vers 26 en 27 verduidelik hoe die Seun hierdie dubbele opdrag in die teenswoordige en toekomstige tyd, in albei sfere, gaan uitvoer.

Parallelismes[9] kom veelvuldig in hierdie twee verse voor. Daarom sal hierdie twee verse gelyktydig ondersoek word:[10]



| | |
|---|---|
| *Tyd* | **A Daar kom 'n uur en dit is nou (v 25)**<br>**$A^1$ Daar kom 'n uur (v 28)** |
| *Status van mense wat betrokke is* | **B wanneer die dooies (v 25)**<br>**$B^1$ wanneer almal wat in die grafte is (v 28)** |
| *Gebeure* | **C die stem van die Seun van God sal hoor (v 25)**<br>**$C^1$ sy stem sal hoor (v 28)** |
| *Gevolge* | **D en dié wat daaraan gehoor gee, sal lewe (v 25)**<br>**$D^1$ en sal uitgaan (v 28)**<br>Dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe, en dié wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word. |

Al lyk die woorde en gedagtes in hierdie twee verse dieselfde, is die teologiese verskille duidelik.[11] Dit dui daarop dat die skrywer twee onderskeidende situasies vergelyk.[12] Die ooreenkomste en verskille is:

**A-$A^1$:** Die eerste deel van hierdie vergelyking het met *tyd* te doen. Die uur van verlossing en veroordeling is albei *teenwoordig* (v 25) en *kom nog* (v 28).[13] Die tyd in vers 25 word bepaal deur die frase "en dit is nou" terwyl dit in vers 28 deur die frase "wanneer almal wat in die grafte is" bepaal word. Die "uur" ("tyd" in die 1983-vertaling) in vers 25 verwys na die Nuwe-Testamentiese tydperk wat nog aan die kom was omdat die verlossingswerk van Jesus nog nie afgehandel was nie. Eers aan die kruis, met die opstanding en met die koms van die Gees sou dit afgehandel wees.[14] Die "uur" ("tyd" in die 1983-vertaling) in vers 28 verwys na die opstanding van die dooies en die oordeel in die eindtyd (Joh 6 verwys na hierdie gebeurtenis as die "laaste dag": 6:39-40, 44, 54). Die uitdrukking "daar kom 'n uur, en dit is nou" (5:25) verwys na die ganse nuwe eindtydera wat met Jesus se kruis en opstanding begin het. In hierdie tyd sal almal wat in Jesus glo uit die duisternis na die lig getrek word totdat Jesus weer sal kom (wederkoms). Dan sal die tweede gebeurtenis, waarna vers 28 verwys, plaasvind. Die mense wat vóór die kruisiging gesterf het, sal volgens hulle dade geoordeel word.[15] "Uur" of "tyd" verwys na albei die verlossingsmomente – "nou," in die tyd van die skrywer, en in die toekoms, op "die laaste dag".

**B-$B^1$:** Die *status van hierdie mense* word in albei gevalle as "dood" beskryf. In 5:25 verwys dit na mense wat fisiek nog lewe maar geestelik

dood is[16] omdat hulle nog nie die "ware lig" en die "lewe" wat dit ge aanvaar het nie.[17] Die metaforiese uitdrukking "die dooies" (v 25) ve wys dus na almal wat in die tyd van Jesus geestelik dood was.[18]

Die uitdrukking "wat in die grafte is", kom gereeld in die Evangel volgens Johannes voor (11:17, 31, 38; 12:17; 19:41-42; 20:1-4, 6, 8 11). Dit verwys na mense wat fisiek dood[19] en reeds in die graf was[20] to Jesus hierdie woorde uitgespreek het. Ten slotte, al word hier na twe verskillende groepe verwys, is albei ongered. Die verlossingsgebeure i hierdie teks is op Christus gerig.

**C-C¹:** In albei tekste word dieselfde werkwoord ("hoor") in die selfde modus gebruik om *twee verskillende verlossingshandelinge* aan te dui. Die objek (wat dieselfde persoon blyk te wees – Christus) word verskillend beskryf: In Johannes 5:25 is Hy *die Seun van God,* en in vers 28 word daar na *Hom* verwys met gebruik van 'n voornaamwoord ("sy"). In vers 25 het "hoor" met geloof te doen.[21] In vers 28 word daar na die wederkoms van Jesus verwys wanneer dié wat in die grafte is sy stem sal hoor en sal opstaan. Hulle sal dan volgens hulle dade geoordeel word. Hierdie dade hou verband met die dinge wat Abraham gedoen het (8:31-40)[22] wat aan hulle 'n voorbeeld gestel het. Deur vir Abraham na te volg, volg hulle eintlik vir Jesus na.

**D-D¹:** Die laaste kontras hou verband met die verskeie *gevolge* van hierdie twee eindgebeure. In 5:25 word die gevolg van 'n ge-lowige aanvaarding van Jesus aangegee as die lewe (ewige lewe). In vers 28 is die middel waardeur lewe (en oordeel) ontvang word anders as dié in vers 25. In vers 28 is hierdie middel die gehalte van 'n mens se dade (Matt 25:31-46; Rom 2:6-8; 2 Kor 5:10). Waar Johannes 5:25 na die verkryging van lewe verwys, verwys 5:28 na die opstanding tot *die lewe* of tot die *oordeel.*[23] Vers 28 bevat dus 'n dimensie wat nie in vers 25 voorkom nie, maar geïmpliseer word.[24] Geloof in vers 25 korrespondeer met dade in vers 28 om 'n verhouding met Jesus tot stand te bring.[25] In die hede (die tyd van die skrywer) word mense dus op grond van hulle geloof in Christus geoordeel, terwyl dié wat voor Jesus se kruisiging gesterf het in die toekoms volgens hulle dade geoordeel sal word. Die toekomstige oordeel sal ná Jesus se wederkoms plaasvind (14:2) en die opstanding op die laaste dag (5:28; 6:39, 44, 54; 11:24; 12:48).

Volgens hierdie teks gaan daar 'n opstanding van die mense wees. 'n Geestelike opstanding uit 'n geestelike dood kan in die hede reeds deur geloof plaasvind. 'n Fisieke opstanding sal met die wederkoms



van die opgestane Jesus (wat later bespreek word) op die "laaste dag" plaasvind.

### *Dood- en opstandingsgebeure in die Lasarusverhaal (Joh 11:1-44)*

Die volgende opstandingsgebeurtenis waar die werkwoord *opstanding* voorkom, is in die verhaal van Lasarus in Johannes 11. Wanneer Jesus en sy dissipels by Lasarus se huis opdaag, maak Jesus twee beslissende uitsprake: "Lasarus is dood" (v 14) en: "Jou broer sal uit die dood opstaan" (v 23).[26] Die skrywer het hierdie gebeurtenis op hierdie kritieke plek in die Evangelie ingevoeg om 'n drieledige doel te dien: 1) Om eenvoudig te dien as 'n teken ("wonderteken", 12:18) wat Jesus verrig om lig op sy identiteit te werp, naamlik dat Hy die gesag van lewe oor dood het. 2) Om te dien as 'n teken van Jesus se vermoë om iemand tot die lewe op te wek.[27] 3) Dit berei die leser voor vir die opstanding van Jesus self wat kort ná hierdie gebeure sou plaasvind.

≈ In Johannes 11:25-26 maak Jesus die stelling: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?" In die eerste deel van hierdie stelling maak Jesus eers 'n verklaring oor Homself: "Ek is die opstanding en die lewe." Hierdie "Ek is"-uitspraak hou verband met die Naam van God wat hierdeur geïmpliseer word (Eks 3:14).[28] Omdat Jesus hierdie Goddelike konnotasie het (Joh 1:1-3; 10:30), is Hy in sy Persoon ook lewe (1:4; 5:21, 26) waarin die opstanding bekragtig is. Volgens die skrywer van hierdie Evangelie sal Hy sy krag om die opstanding te bewerk toon wanneer Hy Lasarus opwek. Sy Godheid sal ook deur hierdie daad bekend word.

≈ In die tweede deel van hierdie stelling verduidelik Jesus die verklaring aan die hand van twee teenstrydige, maar verwante, opmerkings:

~ [25]Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; [26]en
~ elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie.

Die eerste frase het te doen met 'n teenstrydigheid. Die lewe waarna die skrywer hier verwys, is die "ewige lewe" wat selfs die fisieke dood

oortref. In hierdie konteks herdefinieer Jesus "fisieke dood" in die lig van die lewe in die eindtyd wat reeds inherent in Hom is. Hierdie werklikheid word bekragtig deur die opmerking in 11:26: "en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie". Hierdie lewe is die Goddelike lewe wat die Vader aan Jesus gegee het (Joh 5), en wat Jesus weer gee aan dié wat in Hom glo, en dit sal nie deur die dood beëindig kan word nie. Jesus se opwekking van Lasarus tot die fisieke lewe was dus 'n teken van sy vermoë om iemand tot lewe op te wek.[29] Die verskil tussen Lasarus se opstanding en die opstanding van die "laaste dag" is dat Lasarus herstel is tot die liggaamlike lewe – maar ook die sekerheid dat hy weer sou sterf – terwyl die finale opstanding die transformasie van die liggaamlike lewe is. Jesus sterf en staan op, 'n beliggaamde persoon, maar Een wat nie meer vasgevang is binne die beperkings van die dood nie.

Die verhaal van Lasarus se opstanding uit die dood (Joh 11) staan literêr so te sê aan die einde van die eerste deel (1:19 – 12:50) van die Evangelie. In historiese volgorde sal Jesus kort hierna gekruisig word en opstaan uit die dood. Die skrywer berei nou die leser voor vir hierdie gebeure rondom Jesus wat gaan volg. Die leser moet duidelik verstaan wie Jesus is en wat Hy kan doen. *Opstanding* is moontlik en 'n werklikheid. Jesus het dit met Lasarus se opstanding bewys. Hy self sal uit die dood opstaan. Dit is dan ook die volgende plek in die Evangelie waar die woord *opstanding* gebruik word.

***Die kruis- en opstandingsgebeure van Jesus***

Die derde plek waar die werkwoord "opstaan" in Johannes se Evangelie voorkom, is in die opstandingsgebeure van Jesus self (20:9). Die skrywer van dié Evangelie dink hier op 'n unieke manier na oor die kruis- en opstandingsgebeure. Vir hom is dit 'n openbaringsteken van die teenwoordigheid van God deur sy Seun onder mense.[30] In die derde deel van hierdie artikel sal hierdie gebeure spesiale aandag ontvang.

'n Volgende aspek wat lig werp op die *dood- en opstandingsgebeure* is die unieke verhouding wat daar tussen die Vader en Seun bestaan.

## Die unieke verhouding tussen Vader en Seun bevestig Jesus se opstanding

Deur die hele Johannesevangelie is dit duidelik dat daar 'n unieke verhouding tussen Vader en Seun bestaan. Dit loop uit op die *kruis- en opstandingsgebeure* (17:1-5), wat die begin van Jesus se terugkeer na die Vader is. Johannes 8:28-29 en 10:11-18 artikuleer sekere aspekte binne hierdie verhouding in verband met Jesus se *kruis- en opstandingsgebeure*.

In *Johannes 8:28-29* is daar drie aspekte wat opval: 1) Die Seun is God en is deur God gestuur. 2) Die Vader laat die Seun nie alleen nie. 3) Die Seun is gehoorsaam aan die Vader.

- *Die Seun is God en deur God gestuur (Joh 8:28):* Hierdie stelling word ondersteun wanneer Jesus sê: "Eers wanneer julle die Seun van die mens verhoog het, sal julle begryp dat Ek is wat Ek is … Hy wat My gestuur het …"

Die verwysing hier na die Seun van die mens *wat verhoog is*[31] (simbolies), kan direk met die identiteit van Jesus *verbind word*. Wanneer hulle (die Jode) Hom gaan verhoog, Hom gaan kruisig, sal hulle weet dat Hy "Ek is" is.[32] In hierdie "Ek is"-uitspraak van Jesus word al die ander "Ek is"-uitsprake in die Evangelie[33] relevant. Jesus word hier dus weer eens met die Goddelike aanduiding in verband gebring. Dit is moontlik 'n sinspeling op die gebruik van hierdie uitdrukking in Jesaja (Jes 43:10-13, 25; 45:18; 48:12; 51:12; 52:6), wat moontlik 'n ontwikkeling van Eksodus 3:14 is. Hierdie selfaanduiding van Jesus word in die Evangelie van Johannes nogal 'n paar keer verbind met sommige van die tekens (wonderwerke) wat Jesus verrig het (6:35; 11:25). Drie van die sewe "Ek is"-uitsprake hou met "lewe" verband: "Ek is die brood wat lewe gee" (6:35, 41, 48, 51); "Ek is die opstanding en die lewe" (11:25), en "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (14:6). Dit veronderstel dat dit die Goddelike identiteit van Jesus is wat sy opstanding moontlik gemaak het.

Die frase "Hy wat My gestuur het …" dui daarop dat Jesus van God afkom. Een van die hooftemas wat deur hierdie hele Evangelie aangetref word, is die koms van die Seun (Jesus) vanaf die Vader,[34] wat veral in die eerste twaalf hoofstukke van Johannes aangetref word, en die terugkeer van die Seun na die Vader,[35] wat weer veral in die tweede deel van die Evangelie aangetref word. Die skrywer gebruik 'n verskeidenheid werkwoorde om hierdie beweging van Jesus, "van bo na onder" en "van onder na bo," aan te dui.[36] Hierdie opdrag van die Seun word deur die skry-

wer in terme van "gesantskap" beskryf. Die gesant, in hierdie geval Jesus, word deur die Vader gestuur. Hy voer die Vader se opdragte uit. Hierna keer Hy terug na "die Een [die Vader] wat My [Hom] gestuur het" om oor die suksesvolle uitvoering van sy opdragte verslag te doen.

Hierdie siening van die skrywer van die Johannesevangelie impliseer dat Jesus se kruisdood nie die einde van die weg kan wees nie. Sy opstanding word hierdeur sterk veronderstel. Hierdie argument word verder versterk deur die stelling dat God, wat Hom gestuur het, die hele tyd by Hom is.

≈ *Hy wat My gestuur het is by My, Hy het My nie alleen gelaat nie" (Joh 8:29):* Jesus raak hier 'n baie belangrike aspek aan om sy *kruis- en opstandingsgebeure* in die regte perspektief vir die verstaan daarvan te plaas. Hy sê aan sy teenstanders:[37] "*Hy wat My gestuur het, is by My. Hy het My nie alleen gelaat nie*, omdat Ek altyd doen wat Hy wil" (8:29). Wanneer Jesus alleen saam met sy dissipels is, net voordat Hy gevange geneem sou word en kruisig sou word, sê Hy vir hulle: "Kyk, daar kom 'n tyd, en dit is nou al hier, dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen sy eie koers in, en dat julle My alleen sal laat; en *tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader by My is*" (16:32). Volgens 8:29 was die Vader by Jesus deur sy aardse bediening heen, wat ook die *kruis- en opstandingsgebeure* en sy terugkeer na die Vader insluit. Hy spreek die woorde van die Vader en doen wat sy Vader doen (5:19-20; 8:28-29) weens die Vader se teenwoordigheid tydens sy aardse bediening. Jesus sê dan ook in 8:28: "Ek (doen) niks uit my eie … nie." Dit versterk die argument dat die Vader by Hom is. Die uitspraak in 16:32 het meer direkte betrekking op die *kruis- en opstandingsgebeure*. Tydens hierdie gebeure sal die Vader ook met Jesus wees. Hy sal nie alleen deur die dood gaan nie. In hierdie twee tekste verklaar Jesus dan dat God, sy Vader, met Hom is. Hierdie teenwoordigheid van sy Vader sal geopenbaar word in en deur die *kruis- en opstandingsgebeure.*[38]

≈ *"... omdat Ek altyd doen wat Hy wil" (Joh 8:29):* Die rede vir die Vader se teenwoordigheid word ook in 8:29 deur Jesus aangedui: "… omdat Ek altyd doen wat Hy wil" (vgl 14:31).



Vier keer in die Evangelie verwys Jesus na sy verbintenis aan die wil van sy Vader (4:34; 6:38; 8:28-29). In 17:4 bid Jesus: "Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen." Hierdie werk word dan in 17:6-8 verklaar. By herhaling voer die Johannesevangelie die uitsprake en aktiwiteite van Jesus terug na wat Hy by sy Vader "gehoor" en "gesien" het. In so 'n geval is daar geen rede om aan hierdie verwysings as 'n metafoor te dink nie. In 5:19 is die verwysing na "sien" in die teenwoordige tyd (in kontras met ander tekste), terwyl "sal hoor" in vers 25 in die toekomstige tyd staan. Vanweë hierdie verandering in tyd blyk dit duidelik dat "sien" en "hoor" nie 'n program aandui wat deur die Vader aan die Seun voorgeskryf is om uit te voer nie. Die Seun werk in voortdurende ooreenkoms saam met die Vader, 'n ooreenkoms wat gewortel is in sy eenheid met die Vader (1:1a). Die Vader sê wat die Seun moet sê en wys vir Hom wat Hy moet doen (12:50). Wanneer Jesus dus praat of dinge doen (wonderwerke) is die Vader by Hom.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die Seun spreek en optree in ooreenstemming met wat Hy van die Vader *gesien en gehoor het,* en met wat die Vader Hom nog in die toekoms gaan wys. Om hierdie rede is die Vader met Jesus, elke oomblik, ook in sy kruis- en opstandingsgebeure.[39]

In *Johannes 10:11-18* word hierdie verhouding tussen Vader en Seun wat die aard van Jesus se *kruis- en opstandingsgebeure* beskryf, verder verduidelik: *Die Vader beveel die Seun om sy lewe neer te lê en weer op te neem* (10:11-18, veral v 14, 17-18; vgl 8:28). Drie belangrike aspekte kom in hierdie teks na vore: 1) Jesus lê sy liggaamlike menslike lewe met volmag af – uit eie keuse (10:14, 17-18); 2) met sy volmag neem Hy weer sy lewe op (10:17), en 3) Hy doen dit in opdrag van die Vader.

≈ In hoofstuk 10 gebruik die skrywer weer 'n metafoor. Binne die konteks van hierdie hoofstuk (veral 10:17-18) is dit die herder, met wie Jesus Homself vergelyk, wat sy lewe vir sy skape uit vrye wil aflê om gehoorsaam te wees aan die wil van die Vader. Hy is deur die Vader gestuur om sy lewe af te lê en weer op te neem (3:16; 12:27). Dit beteken dat Jesus se opstanding die wil van die Vader was. In opdrag van die Vader

het Jesus sy lewe opgeneem, en die Vader het vir Hom die krag gegee om dit te doen. God se opdrag het dus aan Jesus die moontlikheid gegee om te doen wat God gevra het.[40] Hy was in beheer van sy lewe, en daarom kon niemand sy lewe van Hom af wegneem nie (10:18). Jesus is nie teen sy wil doodgemaak nie.[41] Hy het sy lewe vrywillig neergelê; hiervoor is Hy immers gestuur.[42]

In 10:17 sê Jesus self dat Hy sy lewe uit sy eie aflê *sodat* Hy dit weer kan opneem. Jesus is die enigste Persoon wat oor hierdie mag beskik; niemand anders beskik oor hierdie vermoë nie. Die Nuwe Testament toon tekens van die Goddelike regverdiging van Jesus (Hand 2:24, 36; 3:14; 4:10), en tog is dit die Johannesevangelie wat aandui dat Jesus in Homself lewe het (Joh 5:26). Wanneer Hy "verhoog" word, dui hierdie gebeurtenis op Hom, die "Ek is", wat in die toekoms onverganklik sal wees.[43] Die "sodat weer"-formule (10:17, wat in die 1983-vertaling met "om" weergegee word) impliseer dat die kruis die doel het om vir Jesus die moment te skep om sy lewe terug te neem. Toe Jesus sy lewe afgelê het, was sy doelwit om dit weer op te neem. In dié geval was die kruis 'n vereiste (sentraal) vir die opstanding om te kon plaasvind. Die twee uitsprake in 10:17 – "lewe aflê" en "weer op te neem" – word in 10:18 geherfraseer, naamlik vanuit die perspektief van die gesag en beheer van Jesus oor hierdie gebeure. Hierdie verklaring wys vir ons 'n Persoon wat beheer het oor sy lewe, wat die inisiatief behou, selfs wanneer ander mense of demoniese magte sy lot probeer beslis.[44] Dit veronderstel dat Jesus in 'n posisie van mag is om in die sfere van lewe en dood met gesag te kan optree. Die liggaamlike dood het dus nie sy vermoë om met gesag op te tree, weggeneem nie. Met hierdie stelling wou Jesus beklemtoon dat Hy aktief betrokke was by sy opstanding. Hierdie aktiwiteit deur Jesus openbaar dat Hy self die opstanding en die ewige lewe is (12:25; vgl 1:4; 1 Joh 1:1-2). As Jesus die ewige lewe is, sou Hy, selfs al sou Hy liggaamlik sterf, steeds hierdie goddelike lewe in Homself hê (5:26) sodat Hy sy lewe weer kan opneem.[45]

In 10:17-18 word daar twee keer na die Vader verwys: "Die *Vader* het my lief" (10:17), en: "Dit is die opdrag wat Ek van



my *Vader* ontvang het" (10:18). Alhoewel Jesus uit sy eie opgetree het, was sy Vader betrokke by sy optredes.[46] Volgens 10:18 het die Vader Hom die opdrag gegee om só op te tree, en volgens 10:17 is hierdie dade binne die sfeer van God se liefde gedoen (vgl 3:35). Dit hou verband met Jesus se woorde aan sy dissipels voordat Hy gevange geneem is: "Daar kom 'n tyd ... dat julle My alleen sal laat; en tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader by My is" (16:32). Jesus sou nie alleen in die kruis- en opstandingsgebeure wees nie. Die Vader sou met Hom wees. Al was Jesus dus aktief betrokke in sy opstandingsgebeure, het Hy dit steeds onder gesag van die Vader gedoen. Wanneer die Evangelieskrywer dan beweer dat Jesus sy lewe afgelê het om dit weer op te neem, het Hy dit gedoen in gehoorsaamheid en op grond van sy verhouding met die Vader. Nie net was Jesus aktief in sy opstanding nie, maar ook die Vader. Vader en Seun was saam betrokke in die kruis- en opstandingsgebeure.[47]

## Die Seun keer terug na die Vader en stuur die Heilige Gees (Joh 13:1-3, 33, 36; 17:1, 11, 13)

Volgens die Johannesevangelie het Jesus geweet hoe Hy gaan sterf en wat die doel van sy kruisdood was. Reg in die begin van sy laaste gesprek met sy dissipels sê die skrywer: "... het Jesus reeds geweet dat die tyd vir Hom gekom het om van hierdie wêreld af na die Vader oor te gaan ... Jesus het geweet dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God gekom het en na God teruggaan" (13:1, 3).

In 16:7 sê Jesus vir sy dissipels: "Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur." Sy belofte om die Gees te stuur geskied binne die kader van sy naderende dood en opstanding. Deel van die taak van die Gees sou wees om ná Jesus se opstanding en terugkeer na die Vader die opgestane Jesus se teenwoordigheid in die Johannese gemeenskap bekend te maak.

'n Logiese rede waarom die dissipels Jesus nie meer sou sien nie, was dat Hy dood sou wees. Maar volgens die Johannesevangelie sou die dissipels Hom ná sy dood nie meer sien nie omdat Hy sou leef en

by die Vader sou wees. Dit is die opgestane Jesus wat vir Maria Magdalena gesê het: "Gaan na my broers toe en sê vir hulle: 'Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is'" (20:17). Dit is ook die Gees wat die Vader en die opgestane Jesus in die gelowige wat vir Hulle lief is, laat woon (14:23). Die opgestane Jesus is in 'n ander modus van bestaan in die Johannese gemeenskap teenwoordig. In die toekoms sal Hy weer in hierdie ander modus van bestaan terugkom.

## Jesus kom weer in die toekoms – ons sal sy heerlikheid sien (Joh 17:5, 24)

Jesus se belofte aan sy volgelinge, dat Hy weer sal kom, is deel van hulle toekomstige hoop dat wat Hy begin het in die toekoms tot voltooiing gebring sal word. Volgens die skrywer sal Jesus deur sy dood en opstanding mense na Hom toe trek ("En as Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek", 12:32). En omdat Hy "die opstanding en die lewe" is (11:25), sal Hy met sy wederkoms die opstanding na ander toe uitbrei (5:29; 11:24). Deur die hele Evangelie van Johannes heen is Jesus die Een wat hoop in 'n opstanding beliggaam. Op "die laaste dag" sal Hy dit tot voltooiing bring (6:39-40, 44, 54). Die dood en opstanding van Jesus vorm gelowiges se hoop vir hulle opstanding. Jesus keer nie na die Vader terug deur te sterf nie, maar deur sy opstanding (16:17; 20:17).[48]

Die opstanding van die gelowiges kry verdere betekenis wanneer Jesus bid: "Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het" (17:24). Die skrywer kyk hier na die tyd ná Jesus se opstanding en sy terugkeer na die Vader, 'n toekoms wanneer die gelowiges in die heerlikheid van die opgestane Jesus in die teenwoordigheid van die Vader sal deel.[49]

## Die kulminerende belydenis van Tomas: "My Here en my God!" (Joh 20:28)

Vroeër in die Evangelie het Jesus verwys na die behoefte wat mense aan tekens en wonders het om te kan glo (4:48). Toe Tomas saam met



die dissipels agter geslote deure bymekaarkom, het die dissipels vir hom vertel dat hulle agt dae vroeër die opgestane Here gesien het. Tomas het nie na 'n teken gevra nie, maar na klinkklare bewyse. Tomas se uitspraak spreek van 'n gebrek aan vertroue in die oordeel van die medevolgelinge van Jesus oor die feit dat Hy kon opgestaan het. Eers toe Tomas die opgestane Jesus sien, toe hy die bewyse voor sy oë het, toe Jesus lewend voor hom staan, het hy geglo en uitgeroep: "My Here en my God!" (20:28). Met Jesus se opstanding word dit, volgens die skrywer, glashelder dat Hy die Seun van God is.[50] Hierdie belydenis van Tomas vorm die kulminasiepunt van die hele Johannesevangelie en bewerk só die vertrekpunt vir die verstaan van Jesus se lewe en sy kruis- en opstandingsgebeure in dié Evangelie. Tomas se belydenis, toe Jesus 'n tweede keer aan die dissipels verskyn, word die sleutel van interpretasie waarmee die res van die Evangelie terugwerkend geïnterpreteer moet word (20:24-25, 28).[51] Jesus was dood, maar nou leef Hy weer. Dit bewys dat Hy in Homself lewe het.[52]

Hierdie belydenis van Tomas bewys 'n paar dinge: 1) die unieke verhouding tussen Jesus en die lewegewende Vader; 2) die Godheid van Jesus; 3) die legitimiteit van Jesus se sending, en 4) die erkenning van Jesus se identiteit as 'n handeling van geloof.[53]

## Slotopmerkings

In hierdie afdeling is 'n verskeidenheid aspekte uitgewys wat lig werp op die kruis- en opstandingsgebeure. Omdat die Johannesevangelie met verskeie temas deurweef is, is dit belangrik om die interpretasie, begrip en profiel van elke tema altyd in verband met en in verhouding tot die ander temas te verstaan. Dit is presies wat in hierdie afdeling gebeur het. Jesus se kruis- en opstandingsgebeure, en die opstanding van die mens, het beter betekenis gekry toe dit ondersoek is in samehang met ander perspektiewe soos die Vader-Seun-verhouding, Jesus se koms vanaf en sy terugkeer na die Vader, en Tomas se belydenis. Met al hierdie insigte as agtergrond gaan ons nou na die verskillende aspekte van die opstandingsgebeure self kyk.

## Inleiding

'n Vergelyking tussen die vier Evangelies ten opsigte van die opstandingsgebeure toon enkele verskille wat mekaar tog ook aanvul. Die skrywer van die Johannesevangelie het uit eie reg sy kennis en verstaan van die volgende twee aspekte weergegee. Dit word nou kortliks ondersoek.

## Die "leë graf" en die "opstandingsliggaam" (Joh 20:1-10)

In die voorlaaste hoofstuk van die Johannesevangelie fokus die skrywer op die mense wat geweet het Jesus het gesterf. Vir hulle was sy dood 'n werklikheid. Hulle was redelik seker dat sy teenstanders Hom doodgemaak het, en dat sy lyk in 'n graf begrawe is. Die vraag wat nóú van die grootste belang is, is: "Hoe kan iemand glo dat Jesus opgestaan het?" Dit is die raaisel waaraan die skrywer in sy opstandingsweergawe moet aandag gee.

Volgens die Johannesevangelie moet die geloof wat mense besiel om teenoor ander te getuig dat Jesus leef uit iets meer as net die leë graf kom. Vir hierdie skrywer is dit belangrik dat die graf leeg moet wees omdat niemand sal kan bely dat "Jesus opgestaan het" as daar nog 'n liggaam in die graf sou wees nie. Dit is duidelik dat die waarneming van die geopende graf, die doeke wat daar lê (selfs opgerol) en die engele wat sit waar die liggaam gelê het, nie geloof waarborg of tot die verkondiging van die opstanding lei nie. In hierdie geval is die leë graf 'n veronderstelling vir die opstandingsgeloof. Maar so 'n geloof noodsaak 'n ontmoeting met die opgestane Jesus self.[54] Die dissipels en Tomas (en Maria Magdalena) het eers geglo dat Jesus opgestaan het toe hulle Hom weer gesien het.

Vanuit hierdie gegewens in Johannes 20 blyk dit duidelik dat Jesus liggaamlik moes opgestaan het. Die graf was immers leeg en sy liggaam was nêrens te vind nie. Sy volgelinge het Hom gesien. Tog was dit nie so eenvoudig nie. Ons sal hier twee dinge in gedagte moet hou. Dit bring ons by 'n volgende belangrike saak – "die verskynings" van die opgestane Jesus.



## "Verskynings" en die "opstandingsliggaam" (Joh 20:11-29)

Om hierdie gebeurtenis te verduidelik moet Jesus se verskynings aan Maria Magdalena en sy dissipels in ag geneem word. Albei aspekte hou met Jesus se "opgestane liggaam" verband: 1) Jesus was onherkenbaar, en 2) Hy het deur mure en deure beweeg.

### *Jesus was onherkenbaar*

Toe Jesus eerste aan Maria Magdalena verskyn het, het sy Hom nie dadelik herken nie. Selfs toe Jesus by die meer aan sy dissipels verskyn het, het hulle Hom nie dadelik herken nie. (Ook die Emmausgangers het hom nie herken nie, Luk 24:13-35). Miskien (dit word egter nie in die Evangelie genoem nie) het Jesus se dissipels Hom ook nie dadelik herken toe Hy aan hulle in die bovertrek verskyn het nie. Hierdie opmerking word gemaak op grond van Johannes 20:20, waarvolgens Hy vir hulle die merke aan sy liggaam gewys het, asook op grond van Tomas se reaksie dat hy eers sou glo *wanneer hy die merke van die spykers sien* (20:25). Sien is dus nie noodwendig glo nie![55] Ons het immers gesien dat Jesus eers vir hulle sy wonde moes wys voordat hulle Hom herken het, al hét hulle Hom gesien. Dit was ook eers toe Jesus haar naam geroep het dat Maria Magdalena Hom herken het. Eers toe die dissipels die groot visvangs by die See van Tiberias ervaar het, nadat hulle Jesus se opdrag uitgevoer het, het hulle Hom herken (21:6-7).

Die eerste probleem wat ons met die opgestane Jesus ondervind, is dus dat Hy eers onherkenbaar was. Die tweede probleem is dat hierdie liggaam deur mure en deure kon beweeg.

### *Jesus kon deur mure en deure beweeg*

Toe die dissipels agter geslote deure saamkom uit vrees vir die Jode, het Jesus aan hulle verskyn (20:19, 26). In die teks staan daar: "… het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan". Dit het twee keer gebeur. Daar word nie gesê hoe Jesus daar gekom het nie. Volgens die ander Evangelies was sy verskyning "skielik" of "meteens".[56] 'n Mens sou moontlik kon aflei dat Jesus nie deur die geslote deur of 'n muur na hulle gekom het nie. Hy kon moontlik in die Evangelie van Johannes ook "skielik" of "meteens" aan hulle verskyn het. Die vraag wat ontstaan, is: Hoe "verklaar" 'n mens dit? Hierdie "liggaam" wat nog die merke van die kruisiging gedra het, verskyn binne 'n oogwink aan hulle. Dit sou impliseer dat

die opstanding van die liggaam, die transformasie van die liggaam, in 'n ander soort bestaan moes verander het. Sou dit kon wees dat die opgestane liggaam tussen verskillende dimensies van bestaan kon beweeg? In die aardse dimensie is hierdie liggaam sigbaar, terwyl dit in 'n ander dimensie of dimensies onsigbaar is. Die opstandingsliggaam is dus nie die herstel van die liggaam tot sy vorige toestand van verganklikheid nie. Die "fisieke" liggaam kry hier 'n ander aard of betekenis.

Dit is 'n beliggaamde Jesus wat vir Maria Magdalena buite die graf ontmoet. Dit is 'n beliggaamde Jesus wat aan sy dissipels die merke van die kruisiging toon, en wat by die See van Tiberias aan hulle verskyn. Tog is hierdie beliggaamde Jesus nie onderwerp aan die beperkings van verganklikheid nie. Die eers onherkenbare en die skielik sigbare liggaam van Jesus dui op 'n ander manier of dimensie van bestaan. Die opstanding bring 'n nuwe modus van beliggaming en lewe en kan daarom nie 'n blote voortsetting van die verganklike lewe en liggaam, soos dit was, wees nie.[57]

## Slotopmerkings

In hierdie afdeling het ons kortliks na die fisiese opstandingsgebeure van Jesus verwys en moontlike verklarings probeer soek. Ons wil tog graag weet wat daar gebeur het, en nie net glo dat daar "iets" gebeur het nie. Tog is dit nie so eenvoudig as wat dit op die oog af lyk of soos ons dit probeer verklaar nie. Die vrae rondom hierdie gebeure waarmee gelowiges en ongelowiges oor die eeue heen geworstel het, kan nie rasioneel, logies, filosofies fenomenologies, natuurwetenskaplik of selfs histories opgelos word nie. Wat daar by die graf en die verskynings van Jesus gebeur het, sal 'n misterie bly.

Hoe dan nou verder? Hierdie vraag bring ons by ons laaste afdeling van hierdie artikel.

### *5. Sleutel om die kruis- en opstandingsgebeure te ontsluit*

Reeds vroeg in die Evangelie van Johannes[58] voorsien die skrywer aan die leser die nodige inligting oor hoe die kruis- en opstandingsgebeure deurgaans in dié artikel verstaan kan of behoort te word. Hiervoor is daar slegs twee opsies. Dit word in die Evangelie weergegee net nadat Jesus vir die eerste keer na sy kruis- en opstandingsgebeure verwys het. Ons vind dit in Johannes 3:6:



*Opsie een:* Wat uit die mens gebore is, is mens.
*Opsie twee:* Wat uit die Gees gebore is, is gees (vgl 3:31; 8:23; 17:14).

Opsie een verwys na dié mense wat nie in Jesus glo nie, terwyl opsie twee verwys na dié wat wel in Jesus as die Christus, die Seun van God, glo (20:31). In sy gesprek met Nikodemus (3:1-21) toon Jesus aan dat geestelike insig noodsaaklik is om sy geestelike en verlossende dimensies, en in besonder die *kruis- en opstandingsgebeure* (3:15), te verstaan. Dit veronderstel dat as iemand volgens die "vlees" (verganklikheid)[59] dink en optree, soos Nikodemus gedoen en Jesus se woorde verkeerd verstaan het (3:4, 9), daardie persoon die kruis- en opstandingsgebeure net vanuit die beperkte perspektief van die vlees sal interpreteer en verstaan. Volgens Jesus sal die een wat uit die Gees gebore is, hierdie gebeure vanuit 'n geestelike perspektief verstaan. Dan sal die Goddelike of bonatuurlike dimensies van die kruis- en opstandingsgebeure verstaanbaar word.

Die oproep tot opstandingsgeloof kom wanneer die boodskap oor die opgestane Jesus deur die opgestane Jesus self doeltreffend gemaak word. Volgens die Johannesevangelie is hierdie geloof nie gegrond op die veronderstelling van 'n leë graf nie. Opstandingsgeloof vereis 'n ontmoeting met die opgestane Jesus self. Nikodemus en Jesus se teenstander is verteenwoordigers van hierdie eerste moontlikheid, terwyl Tomas die tweede moontlikheid verteenwoordig.[60]

Die erkenning van Jesus se identiteit vereis 'n handeling van geloof, veral vir dié wat nie so bevoorreg was soos Tomas om Jesus letterlik te sien nie. Daarom sê Jesus vir Tomas: "Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo" (20:29). Vir die skrywer van die Johannesevangelie is dit net deur geloof dat iemand kan ontdek wie Jesus was en is – die Christus, die Seun van God (20:31). Die belydenis van Tomas word hier die maatstaf om die kruis- en opstandingsgebeure te aanvaar.[61]

### *6. Slotopmerkings*

Nog is dit nie die einde nie. Die debatte en misteries oor die opstanding van Jesus sal voortduur. Die misteries oor die graf en verskynings van Jesus sal gelowiges en ongelowiges laat bly wonder. Net geloof kan, volgens die skrywer van Johannes, die verskil maak sodat daar minder of miskien meer vrae gevra sal word.

Hierdie ondersoek het probeer lig werp op sekere aspekte van die

opstanding, en op hoe die skrywer van die Johannesevangelie sy geloof en ervaring verwoord het om sy doel te bereik. Sy doel hiermee was om sommige te probeer oortuig om tot geloof in die opgestane Christus te kom, en ander te oortuig om te volhard in hulle geloof in die opgestane Christus (20:31).

***Vir wie verder wil lees***


Barrett, CK 1978. *The Gospel according to St John*. Londen: SPCK.

Brown, RE 1975. *The Gospel according to John* (i-xii). (The Anchor Bible). London: Geoffrey Chapman.

Bultmann, R 1941. *Das Evangelium des Johannes*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Dodd, CH 1968. *Interpretation of the fourth Gospel*. Londen: Cambridge University.

Goppelt, L 1982. *Theology of the New Testamenrt*. (Vertaal deur JE Alsup.) Vol 2. Grand Rapids: Eerdmans.

Groenewald, EP 1980. *Die Evangelie van Johannes*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Koester, CR 2008. *The word of life: A theology of John's Gospel*. Grand Rapids: Eerdmans.

Kok, J 2009. Die opstanding van Jesus as kulminerende genesingshandeling in Johannes. *Verbum et Ecclesia*
30(1): 112-147.

Köstenberger, AJ 1998. *The missions of Jesus and the disciples according to the fourth Gospel*. Grand Rapids: Eerdmans.





Kysar, R 2007. *The Maverick Gospel*. Londen: Westminster John Knox.

Lenski, RCH 1981. *The interpretation of St John's Gospel*. Minneapolis: Augsburg.

Maier, G 1984. *Johannesevangelium*. (Teil 1) Bibelkommentar Band 6. Stuttgart: Hänsler.

Neyrey, JH 2007. *The Gospel of John*. New York: Cambridge University.

Newman, BM & Nida, EA 1980. *A translaters's handbook on the Gospel of John*. London: United Bible Societies.

Odendal, F 2000 (c1994). *Die elektroniese weergawe van die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Midrand: Perskor.

Ridderbos, H 1997. *The Gospel of John*. Grand Rapids: Eerdmans.

Schnackenburg, R 1971. *Das Johannesevangelium*. (Teil ll). Kommentar zu Kap 5-12. Freiburg: Hazel.

Thompson, MM 2001. *The God of the Gospel of John*. Grand Rapids: Eerdmans.

Van der Merwe, DG 1995. *Discipleship in the fourth Gospel*. Ongepubliseerde proefskrif. Departement Nuwe Testament, Universiteit van Pretoria.

Van der Watt, JG 1985. A new look at John 5:25-29 in the light of the use of the term "eternal life" in the Gospel according to John. *Neotestamentica* 19: 71-86.

Van der Watt, JG 2003. The cross/resurrection events in the Gospel of John. *Neotestamentica* 37(1): 127-145.

Voorwinde, S 2006. *Jesus' emotions in the fourth Gospel. Human or Divine?* Londen: T&T Clark.

Wilckens, U 1998. *Das Evangelium nach Johannes*. Vandenhoeck & Ruprecht.


1. Metafoor: "Oordragtelike, figuurlike uitdrukking wat op 'n vergelyking of ooreenkoms berus, die beeld in die plek van die eintlike voorstelling plaas, of die ooreenkoms tussen twee vergeleke voorwerpe suggereer; die gebruik van 'n woord in 'n ongewone betekenis op grond van 'n vergelyking: *In die volgende uitdrukkings kom metafore voor – 'n hart van klip, die oseaan van die lewe, 'n wil van staal, die skip van die woestyn* (kameel)" (Odendal 2000).
2. Sendingtema, lewetema, familietema, opstandingstema, ensovoorts.
3. Die eerste verwysings na Jesus se dood word reeds in Johannes 1 aangetref, waar daar na Jesus as die Lam van God verwys word (1:29, 36).
4. Hierdie beeld wat gebruik word om die betekenis van Jesus se dood uit te druk,

word ook deur Paulus in 1 Korintiërs 15:36 ev gebruik. "Wat jy saai, kom nie tot *lewe* tensy dit eers *sterwe* nie. En wat jy saai, saai jy nie in die toekomstige gestalte daarvan nie, maar as 'n blote *saadkorrel*, of dit nou koring is of iets anders. Maar God gee 'n gestalte daaraan, soos Hy bepaal het; aan elke saadsoort gee Hy 'n eie gestalte."

5. Groenewald 1980:278.
6. Sien ook die parallelle ten opsigte van sowel struktuur as inhoud in Johannes 6:53 (1953-vertaling): "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as (tensy) julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie," en in 1 Korintiërs 15:36: "Wat jy saai, kom nie tot lewe tensy dit eers sterwe nie."
7. Ridderbos 1997:430.
8. Ridderbos 1997:431.
9. 'n Parallelisme is 'n ooreenkoms tussen opmekaarvolgende gedagtes, tekste, konsepte, ensovoorts.
10. Van der Watt 1985:72 ev.
11. Brown 1975:220.
12. Van der Watt 1985:71.
13. Goppelt 1982:305; sien ook Bultmann 1941:194; Barrett 1978:263.
14. Lenski 1963:226.
15. Van der Watt 1985:72.
16. Bultmann 1941:195; Brown 1974:219; Newman & Nida 1980:158.
17. Bultmann 1941:195.
18. Schnackenburg 1971:140.
19. Brown 1975:215; Barrett 1978:263; Newman & Nida 1980:158.
20. Brown 1971:220; Van der Watt 1985:72.
21. Dié wat hoor en glo wat Jesus sê, sal gered word. Paulus verwys na hierdie gebeurtenis in Romeine 6:4 waar hy sê die gelowiges sal uit die dood opgewek word.
22. Vgl Jesus se vervulling van die Tora (wet) volgens die skrywer van die Johannes-evangelie. (Sien Voorwinde 2006:83-114.)
23. Johannes 6:39-40, 44, 54 verwys na die opstanding van gelowiges in Jesus op die laaste dag.
24. Schnackenburg 1971:140.
25. Van der Watt 1985:73.
26. Vele kritiese vrae is al oor die historiese werklikheid van hierdie gebeurtenis gevra. Die debat hieroor word nie in hierdie hoofstuk in ag geneem nie.
27. Koester 2008:181.



28. Hierdie uitdrukking word meer breedvoerig in die volgende onderafdeling bespreek.
29. Van der Watt 2003:134.
30. Van der Watt 2003:128. (Sien ook Köstenberger 1998:70-96; Kok 2003; vgl Joh 17:1-5.)
31. Die werkwoord "verhoog" kom in die volgende tekste voor: Johannes 3:14 ev; 8:28 ev, en 12:32. Samehangend hiermee kom die werkwoord "moet" tien keer in die Johannesevangelie voor (3:7, 14, 30; 4:4, 20, 24; 9:4; 10:16; 12:34; 20:9) waarvan die meeste na die Goddelike wil van Jesus se sending verwys (Köstenberger 1998:111). Drie verwys na die "verhoging" van die Seun van die mens (3:14; 12:34) en een na Jesus se opstanding (20:9). Drie verwys na die werk en opdrag van Jesus (4:4; 9:4; 10:16).
32. Jesus het ook in die Lasarusgebeure na Homself as "Ek is" verwys: "Ek is die opstanding en die lewe" (11:25).
33. Sien ook die volgende tekste: Johannes 6:27 ev; 7:38; 10:17, 28; 12:25, 50; 14:19; 17:2.
34. Johannes 3:13; 6:33, 38, 41-42, 50-51, 58; 7:28; 8:14, 42; 13:3. (Vgl 1:9, 11; 3:19; 4:25; 5:24, 43; 6:14; 7:27, 31; 10:10; 11:27; 12:13, 27, 46-47; 15:22; 16:28; 18:37.)
35. Johannes 6:62; 7:33, 35; 8:14, 21-22; 13:3, 33, 36; 14:2, 4-5, 12, 28; 16:5, 7, 10, 17, 28; 17:11, 13; 20:17.
36. Van der Merwe 1995:139.
37. Hier is Jesus se teenstanders die Jode (leiers) wat met Jesus argumenteer.
38. Van der Watt 2003:133.
39. Ridderbos 1997:192.
40. Koester 2008:46.
41. Die Jode is nie toegelaat om in beheer van die kruisgebeure te wees nie.
42. Van der Watt 2003:135. (Vgl Joh 3:16; 12:27.)
43. Neyrey 2007:183.
44. Ridderbos 1997:367.
45. Van der Watt 2003:137.
46. … en nie net teenwoordig nie, soos in die vorige onderafdeling aangetoon is.
47. Van der Watt 2003:137.
48. Koester 2008:183.
49. Koester 2008:186.
50. Neyrey 2007:330.
51. Kok 2009:125.
52. Maier 1984:1, 21.
53. Van der Watt 2003:141 ev.

54. Koester 2008:125.

55. Koester 2008:126.

56. In Matteus 28:9 lees ons: "Skielik het Jesus daar voor die vroue gestaan ..." Lukas 24:31 beweer: "Hy het uit hulle gesig verdwyn." Lukas 24:36 vertel: "Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle ..."

57. Koester 2008:132.

58. Die skrywer doen dit in die daaropvolgende hoofstuk wanneer Jesus met Nikodemus in 'n gesprek betrokke is. In Johannes 2 is daar die eerste verwysing na Jesus se dood en opstanding, en in Johannes 3 voorsien die skrywer die nodige inligting oor hoe dit verstaan kan word.

59. Sien Romeine 8:13; 1 Petrus 2:24.

60. Van der Watt 2003:129.

61. Van der Watt 2003:141.



hoofstuk twee en twintig

# Opstanding by Paulus

*Kobus Kok*

## *1. Inleiding*

In hierdie hoofstuk gaan ons kyk na die betekenis van die opstanding by Paulus. Die vraag is dus *wat Paulus oor die opstanding gedink het* soos ons dit in sy briewe vind. Ons gaan egter ook probeer om as postmoderne mense Paulus se (kultuur-historiese) perspektief op die opstanding te interpreteer teen die agtergrond van ons wêreldbeeld – veral die (akademiese) agtergrond wat deesdae vir sommige baie verwarring veroorsaak.

Om die hoofstuk te waardeer, moet dit gelees word van die eerste tot die laaste woord om só die volle strekking van die argument te volg. Ons gaan hier en daar sommige knope in die tou uitmekaartrek (dekonstruksie), maar aan die einde van die hoofstuk weer die tou mooi aanmekaarvleg (konstruksie). Lees daarom die hele hoofstuk en plaas vreemde konsepte binne die groter raamwerk van die hoofstuk as geheel. Wees versigtig om nie sommige konsepte buite dié verband te verstaan nie. Die verband kan alleen sinvol verstaan word in die konteks van die hoofstuk as geheel.

Wanneer Paulus in sy briewe oor die opstanding praat, kan 'n mens onderskei tussen sy siening van die *opstanding van Jesus* aan die een kant en die gevolglike *opstanding van gelowiges* uit die dood (1 Kor